# SA Boerperd Telersgenootskap

## RAADSVERSLAE 2022

Hiermee die SA Boerperd Telersgenootskap se gekombineerde Raadsverslae vir 2021/22

Die presidentsverslag word tydens die AJV 2022 gelewer.

### RAADSLEDE & PORTEFEULJES 2021/22

| | |
|---|---|
| Mnr. Frikkie Combrink (President) | Bemarking, lede & keurings |
| Mnr. Jan Joubert (Vise-President) | Finansies & Borge |
| Michiel Burger (Stamboek) | Nasionale Kampioenskappe, Merietes & Erekleure |
| Gerhard J v Rensburg | Borgskappe |
| Jannie Jacobsz | Keuring |
| Gerhard le Roux | Bemarking & Streekkampioenskappe |
| Petro Grové | Publikasies, Skoureëls & Regulasies |
| Hannes Hattingh | Lede Kommunikasie |
| Sias Horn (bedank)<br>Bruwer Burger (gekoöpteer) | Beoordelaars, Handleidings & Kursusse |

Elize Prinsloo (Sekretaresse)

**FINANSIES EN BORGE – Mnr. Jan Joubert**
Finansiële state en begroting word tydens die AJV 2022 bespreek.

**NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2022 – Mnr. Michiel Burger (Snr.)**

Vanjaar was die grootste uitdaging tydens die skou die kragonderbrekings en die tekort aan water. Ten spyte daarvan, het deelnemers die beste daarvan gemaak en die skou kon in ŉ goeie gees voortgaan. Die Transisionele hi-low beoordelaars was Jaco Jonker, Johannes Langenhoven en Sue Carter. Aan die Universele kant het die SASA beoordelaar Nicky Wright, wat vir die eerste keer SA Boerperde beoordeel het, ook die Universele handklasse suksesvol beoordeel.

Ten spyte van moeilike omstandighede met baie nat buitebane na hewige reën, het die dresseer goed afgeloop met Thalia Offerman aan die stuur. Sy het dit met groot entoesiasme gereël en ŉ groot las van die organiseerders se skouers afgehaal. Die beoordelaars was Gregory Goss en Cheryl Kempen.

Die twee skouspring-bane was so nat dat dit gladnie gebruik kon word nie. Die baanbouer, Mnr. Eric Bianchi, het sy baan aangepas om in ŉ klein en klipperige kamp te pas. Danksy die goeie gesindheid van die deelnemers en beoordelaar, Judith McLeod, het dit goed afgeloop.

ŉ Totaal van 170 perde was ingeskryf vir vanjaar se skou. Vir die eerste keer is daar ŉ klasreeks aangebied waarin perde slegs deur stoet-eienaars en hulle direkte familie gery kon word. Daar was 17 inskrywings in die vier klasse. Die klasse het ingesluit: Universeel (7), Tradisionele 3-gang (5), Tradisionele 5-gang (3) en Vertoonperd (2).

**UITEENSETTING VAN KLASINSKRYWINGS: NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 2022**

| UNIVERSELE KLASSE | |
|---|---|
| IN-HAND: | 43 |
| U 3-G: | 200 |
| W/JAGPERD | 12 |
| U-ENKELTUIG | 10 |
| | **265** |

| TRADISIONELE 3G & 5G | |
|---|---|
| IN-HAND | 27 |
| 3-GANG | 72 |
| 5-GANG | 54 |
| T ENKELTUIG | 28 |
| | **181** |

| VERTOONPERD | |
|---|---|
| VERTOONPERD | 28 |
| SIERTUIG | 10 |
| | **38** |

| ANDER | |
|---|---|
| SPRING | 51 |
| DRESSEER | 70 |
| WESTERN | 13 |
| SADDLE SEAT 3G | 5 |
| SADDLE SEAT 5G | 2 |
| | **141** |

| | |
|---|---|
| **STêRVUL:** | **17** |

| | |
|---|---|
| **FAMLIE:** | **17** |

Denford Studio's het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt as fotograwe en ook alle kampioenskapsfoto's gratis verskaf. Foto's van klaswenners is buite geneem na afloop van die klasse. Dit het baie tyd gespaar. Op Saterdag, 2 Julie, kon kampioenskapsfoto's dadelik na afloop van elke kampioenskap op Facebook geplaas word.

Daar was geen appèlle tydens die skou nie, maar wel 'n aantal insidente waar vertoners met verkeerde kleredrag toegelaat is om die baan binne te gaan. Dit sal by die komende skoue aangespreek word.

## MERIETES & EREKLEURE – Mnr. Michiel Burger (Snr.)

Daar was aanvanklik baie probleme met die plaas van merietepunte op die logix stelsel. Punte is opgedateer in blokke van 3 jaar periodes. Dit is nou op datum vanaf 2010. Lede het 'n finale opsie gehad om skriftelik aansoek te doen vir merietepunte en erekleure vir die tydperk 2017 - 2021. 'n Vorm is beskikbaar gestel daarvoor en die sperdatum was 30 September. Hierna sal geen regstellings meer gedoen word nie. Die rekenaarsisteem sal in die toekoms die punte outomaties uitwerk.

## BORGSKAPPE – Mnr. Gerhard J v Rensburg

Die grootste borg ingesamel vir die 2022 Nasionale Kampioenskappe was van AgriSeker. Hulle het 'n borg van R 85,000.00 geskenk en is opgewonde om ook in die toekoms deel van die SA Boerperd ras te wees. Om aan hulle blootstelling te gee, is hulle naam op baniere, asook al die foto-rame wat saam met die foto's gekom het, gesien. Die skou dan ook die AgriSeker SA Boerperd Kampioenskappe genoem. Die genootskap het hulle bedank deur die oorhandiging van 'n foto vir hulle kantore.

Borge van R 45,000.00 is deur Me. Prinsloo ingesamel. Die borge was hoofsaaklik van stoet-eienaars en SA Stamboek.

## KEURING – Mnr. Jannie Jacobsz

'n Sentrale hingskeuring het plaasgevind op 9 April 2022 te Bethlehem Skougronde. Toeskouers is toegelaat en daar was 'n hele aantal belangstellendes. Die jaarlikse keurdersvergadering wat net voor die hingskeuring

plaasgevind het, het ŉ groot besparing teweeg gebring. Baie dankie aan Mnr. Gerhard J van Rensburg wat die logistieke reëlings t.o.v. die venue, verblyf en etes getref het.

Elf keurders was teenwoordig en het almal onafhanklik gekeur op die nuwe meer gedetailleerde liniêre puntekaarte. Al die puntekaarte is in ag geneem met die finale berekening van elke hings se punte. Die puntekaarte is daarna aan Stamboek gegee wat ŉ formule ontwikkel het om keurders ook te evalueer. Die finale puntekaarte van die hingste, asook die van merries en reuns is op Logix beskikbaar onder die opskrif: Liniêre Klassifikasie (Linear appraisal report).

**MERRIE- / REUNKEURINGS**

| | **M/R** | **STAAN OOR** | **Totale km in SA** |
|---|---|---|---|
| KZN | 12 | 0 | 8 643 km |
| VRYSTAAT & NOORD-KAAP | 38 | 0 | |
| KAAP | 8 | 3 | |
| MPUMALANGA | 36 | 1 | |
| GAUTENG | 24 | 3 | |
| NAMIBIë | 16 | | Namibië |
| | **134** | **7** | Betaal eie reiskoste |

| **HINGSKEURING** | | |
|---|---|---|
| BETHLEHEM | 16 | 2 |
| (13 PERDE ONTTREK) | | |

KERDERS: Jannie Jacobsz; Frikkie Combrink; Michiel Burger; Jan Joubert; Sias Horn; Johannes Langenhoven; Elmie Davel; Frans Burger; Nic Jooste; Pieter Terreblanche; Jan van der Wath.

Dit is verpligtend vir alle vullens wat vanaf 2021 gebore is, om met ŉ mikroskyfie identifiseerbaar te wees. Dit vorm deel van die geboortekennisgewing wat ŉ maksimum van 8 maande na geboorte moet in wees. Daarsonder word die geboortekennisgewing as onvolledig beskou, wat boetes tot gevolg kan hê (Verw. Dokument B2 (2021): 4.4.1. Die boetestelsel is vanaf die AJV:2021 geïmplementeer.

## BEMARKING & STREEKKAMPIOENSKAPPE – Mnr. Gerhard le Roux

HOY het weereens nie in 2022 plaasgevind nie a.g.v. die druk wat SAEF toepas op ruiters om lede te word van klubs, en die SAEF. As gevolg hiervan sal dit ook nie in 2023 plaasvind nie.
Gauteng Kampioenskappe 2021 het nie plaasgevind nie, aangesien die Nasionale Kampioenskappe in Oktober was.
Die Vrystaat Streekkampioenskappe 2022 is op grond van vooraf beraamde lae getalle gekanselleer.
Die enigste skou wat plaasgevind het, was die Wes-Kaap Steekkampioenskappe 2022, Riversdal.


Datums vir die volgende skoujaar*is:

- Gauteng Streekkampioenskappe: 1-3 Desember 2022,
  WetNose Equestrian & Rescue Centre, Bronkhorstspruit;
- Wes-Kaap Streekkampioenskappe: 15 – 19 Februarie 2023,
  Riversdal Skougronde;
- Vrystaat Streekkampioenskappe: 30 Maart – 1 April 2023,
  Senekal Skougronde;
- NASIONALE KAMPIOENSKAPPE 26 Junie – 1 Julie 2023,
  Afridome, Parys.

*Die skoujaar is vanaf die eerste skou na die Nasionale Kampioenskappe 2022, tot die einde van die daaropvolgende jaar se Nasionale Kampioenskappe, 2023.

**PUBLIKASIES, SKOUREëLS & REGULASIES (Stêrhings-veiling) – Dr. Petro Grové**

Die Stêrhings-veiling was weer hierdie jaar op WhatsApp gehou en dit was ook weereens 'n groot sukses. Daar was 25 perde ingeskyf teenoor verlede jaar se 27. Die hoogste bod wat toegeslaan is, was die van R13,000.00 op Devondale Yankee. Inligting en foto's van die vorige Stêrhings-veilings is beskikbaar op die webblad onder die volgende adres: http://www.saboerperd.com/p34/for-sale/sa-boerperd-star-stallion-auction-history.html. Die totale bedrag ingesamel was R 128,000.00. 60% van die inkomste word aan prysgeld op die Stêrvul spandeer, en 40% op die nasionale kampioenskappe en lopende kantoorkostes.




Die Hingsgalery is 'n insiatief om foto's van SA Boerperd hingste te versamel en te dokumenteer. Die foto's is beskikbaar gestel op die webblad. Dit is 'n langsame en lopende projek en daar in nie 'n spertyd aan verbonde nie. Daar is reeds ±200 foto's bymekaar wat in groepe van 20 op die webblad geplaas word. http://www.saboerperd.com/p52/history/sa-boerperd-stallion-gallery.html.

Foto's van skou-uitslae word op webblad (www.saboerperd.com), asook Facebook geplaas. Daar is slegs twee amptelike Facebook profiele:

1. SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP
2. SA BOERPERD AMBASSADEURS.

Equine SA het dit weer vir ons moontlik gemaak om gratis advertensiegeleenthede vir perde te bied. Dit is dan ook die amptelike advertensieblad van die Genootskap. Lede kan self hulle advertensies plaas, of vra dat dit vir hulle geplaas word. Equine SA adverteer ook op ander sosiale media. Twee foto's en een video (opsioneel) kan geplaas word en daar is genoeg plek vir 'n kort beskrywing. Die identiteite van alle perde word op Logix geverifieer voor plasing. Dit is belangrik dat goeie foto's wat die perd die beste vertoon, geplaas met word. Ryperde verkoop die beste.

Die Klerereeks by XCO is steeds beskikbaar, maar op die ys geplaas om in 2023 beskikbaar gemaak word met die jubileum embleem vir die jaar.

As gevolg van die makliker kommunikasie met WhatsApp, word die Communicator nie meer gebruik nie.

Die bal is aan die rol vir die beplanning van die vieringe van die SA Boerperde se 50ste bestaansjaar in 2023. 'n Komitee is saamgestel om sovêr die volgende projekte soos hieronder beskryf, te behartig.

- 'n Koffietafelboek word beplan om tydens die Nasionale Kampioenskappe 2023 beskikbaar gestel te word. Lede is telefonies gekontak en versoek om die storie van hulle stoet te skryf vir plasing. Dit is opgevolg met 'n e-pos. Ander bydraes is ook welkom. Almal is ook genooi om foto's van minimum 3000pixels in te stuur om oorweeg te word vir plasing as volblad- of dubbelbladfoto's.
- 'n TV program sal voor die Nasionale kampioenskappe 2023 uitgesaai word;
- Herdenkingsitems (ook die klerereeks) sal te sal die hele jaar beskikbaar wees om te koop.
- Spesiale verrigtinge om die mylpaal te vier, sal tydens die Nasionale Kampioenskappe plaasvind.

Ds. Samuel Louw is ook besig met 'n projek vir die bewaring van die SA Boerperde se ou dokumente en foto's, sowel as 'n uitstalling, by die Voortrekkermonument.

## LEDE KOMMUNIKASIE – Mnr. Hannes Hattingh

Ses stoete het bedank. Hulle was reeds vir ŉ geruime tyd onaktief en het min perde gehad.
Nuwe stoete:

- Wilhes Stoet (Willem van Zyl);
- Amiratus Stoet (Juanita Murray - Heraansluiting);
- Dedani Stoet (Gedfrey Mbhele);
- Spontaan Stoet (Xander van Staden);
- Flambojant Stoet (Carel Davel -Heraansluiting);
- No Fear Stoet (J. Erasmus – Heraansluiting).

## BEOORDELAARS & KURSUSSE – Mnr. Sias Horn

ŉ Handboek vir beoordelaarsopleding is geïdentifiseer en daar is toestemming van die uitgewers verkry om dit slegs vir opleidingsdoeleindes te kopieer, aangesien dit uit druk is. Die boek is:
Nordan, Cecily. 1980. SHOWING HORSES IN SOUTH AFRICA. Tafelberg Uitgewers, Kaapstad.

ŉ Beoordelaarskursus is 9 – 11 Desember 2021 aangebied deur Claire Marcus. Dit het plaasgevind op Hannes Hattingh se plaas naby Harrismith en was ŉ groot sukses met 24 kursusgangers. Twintig kinders van die plaaslike ryskool het perde kom vertoon sodat die kursusgangers hulle prakties as "beoordelaars" kon doen.

ŉ Verdere gevorderde kursus in bouvorm en beweging is op 19 Augustus 2022, in samewerking met die Friesperde, te Doorndraai (Gauteng), aangebied. Die aanbieder was Sue Carter wat haar uitstekend van haar taak gekwyt het. Daar was 22 kursusgangers. Die kursus sou in Swellendam herhaal word, maar is gekanselleer.

## SA STAMBOEK - Verteenwoordiger: Mnr. Michiel Burger (Snr.)

Mnr. Jan Joubert van Rooigras Stoet is vanjaar deur SA Stamboek aangewys as beste perderstoetteler. Dit is ŉ groot prestasie dat twee SA Boerperd stoete in twee agtereenvolgende jare die toekenning ontvang het.

Vanaf September 2022 hanteer die kantoor saam met die SA Boerperde, die administrasie van die Friesperde in plaas van die die Senepol beeste.

UITVOER VAN DIERE
Die Raad ontvang gereeld kennisgewings van SA Boerperd Stoete- of eienaars van perde wat uitgevoer is, of of reeds uitgevoer is, na buurlande. Volgens die Veeverbeteringswet, moet die proses soos volg plaasvind:

1. Gee skriftelike kennisgewing aan die Kantoor.
2. Kry toestemming by die Genootskap dat die geregistreerde diere die land mag verlaat;
3. Skriftelike goedkeuring word gegee, nadat die perd ondersoek is;
4. Die registrateur keur dit goed.

Geen diere behoort sonder die dokumentasie uitgevoer te kan word nie.

Met die stigting van die Sportperd Klub (Sport Horse Club) by SA Stamboek, was sommige SA Boerperde dubbel geregistreer. Dit het ook gebeur dat sommige perde se name verander is. Dit is onaanvaarbaar en die indruk mag nie geskep word dat ons ras ŉ klub verteenwoordig nie. Die saak is opgeneem met Stamboek en dit is reggestel.